Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# VORM VIR PRAKTISYNS

## VIR DIE AANDAG VAN PRAKTISYNS EN AANSOEKERS OM ASSESSERINGSKONSESSIES

### Algemene opmerkings

a. Hierdie aansoek om assesseringskonsessies vir alle assesserings (toetse en eksamens) van die Universiteit Stellenbosch (US) is 'n nuwe aansoek. 'n Konsessie wat in die verlede toegestaan is, bv. vir die matriekeksamen, beteken nie 'n outomatiese uitbreiding daarvan op tersiêre vlak nie.

b. Die US streef daarna om binne 'n raamwerk van billikheid en bekostigbaarheid die grootste moontlike spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing te bedien. Die Universiteit is verbind tot die beleide en riglyne wat billike student-spesifieke konsessies tydens assesserings bepaal. Die oorkoepelende doelwit van die assesseringskonsessies is om studente met gestremdhede op dieselfde vlak as studente sonder gestremdhede tydens assesserings te plaas.

c. Ten einde regverdig teenoor alle studente te wees, vereis die Komitee vir Assesseringskonsessies dat studente gedetailleerde en onlangse (drie jaar en minder) aanvullende inligting en dokumentasie verskaf wat redes verskaf waarom assesseringskonsessies nodig is. Indien 'n student se toestand permanent is, sal ouer verslae oorweeg word.

d. 'n Volledige beskrywing van die toestand word vereis en, waar van toepassing, moet die voltooide battery psigometriese instrumente ingesluit word.

e. 'n Student wat aansoek doen om assesseringskonsessies soos ekstra skryftyd, vergrote tekste, of enige ander gespesialiseerde tegnologie moet volledige redes vir die versoek deur 'n professionele praktisyn bied, met ander woorde die betrokke mediese praktisyn, sielkundige, psigiater, oogspesialis, of arbeidsterapeut, na gelang van die aard van die gestremdheid of toestand.

f. Spesifieke leerprobleme moet deur 'n opvoedkundige sielkundige geassesseer word en 'n gepaste DSM-diagnose moet gemaak word, byvoorbeeld DSM-5: 315 Spesifieke Leerversteuring. 'n Bewese geskiedenis, wat noukeurig opgeteken is, moet ook beskikbaar gestel word. Indien sodanige geskiedenis nie beskikbaar is nie, moet redes daarvoor verstrek word.

g. Familielede word nie toegelaat om by enige deel van die assesseringsproses betrokke te wees nie, byvoorbeeld om assesserings te doen of verslae af te teken nie (maar mag by 'n inname-assessering teenwoordig wees).

**STRENG VERTROULIK**

**(Voltooi asseblief in drukskrif)**

## VORM VIR PRAKTISYNS

| | | |
|---|---|---|
| Naam van praktisyn: | | |
| Datum: | | Kontaknommer: |
| Geregistreer as: | | Registrasienommer: |
| Naam van student: | | Studentenommer: |
| Graadprogram: | Studiejaar: | Ouderdom: |

1. Dui die diagnostiese kategorie volgens die DSM-5, die ICD-10-CM, of ander, aan.

2. Verskaf 'n kort geskiedenis van die toestand wat met die konsessie verband hou. Dui die intervensies en ondersteuning aan wat in die verlede ontvang is. (Indien geen geskiedenis beskikbaar is nie, verstrek redes waarom nie.)

3. Dui die prognose aan en motiveer hoe die toestand skryfvermoë beïnvloed.

4. Kan die toestand geremedieer word? Kan dit behandel word? Indien nie, verstrek redes waarom nie.

5. Dui bestaande en toekomstige intervensies aan.

6. Watter tipe assesseringsondersteuning word voorgestel?

7. Indien die gediagnoseerde toestand 'n spesifieke leerversteuring is, verstrek redes waarom vaardigheidsontwikkeling soos lees, spelling, geheue, en potloodgreep nie as effektiewe behandelingsopsies vir die toestand beskou word nie. Ekstra skryftyd kan slegs as die laaste uitweg aangedui word indien die toestand nie vir die volle duur van studie geremedieer kan word nie (op sowel voorgraadse as nagraadse vlak.)

8. Indien die student medikasie weier, moet die praktisyn wat die assessering doen, dit soos volg aandui: (Die redes vir die weiering van medikasie moet ook hier verstrek word, ingesluit die moontlike implikasies van sodanige besluit.):

9. Dui die aanbevole ekstra skryftyd per uur aan wat as 'n intervensie aanbeveel word (op grond van u kliniese assessering en diagnose) of ander ondersteuning.

   5 min/u; 10 min/u; 15 min/u; 20 min/u

   Let daarop dat die US die reg voorbehou om nie konsessies toe te staan nie en oor die hoeveelheid ekstra tyd wat finaal toegeken word te besluit.

10. Dui die aanbevole duur van die konsessie(s) aan, bv. 1 maand; 6 maande; 1 jaar; volle duur studie.

*Na my professionele mening is die bostaande behandelingsplan en aanbevelings die beste opsies in hierdie spesifieke geval.*

……………………………………..........

**Handtekening van praktisyn:**

**Stempel (indien beskikbaar):**

**Datum:** ……………………………

(LW: Heg asseblief 'n briefhoof van u praktyk as bewys aan.)